# Pas op, só verdwyn ons universiteite binne 30 jaar



**Die regering het 'n unieke kans laat verbygaan om die skade te herstel wat apartheid die hoëronderwysstelsel berokken het en universiteite van wêreldgehalte tot stand te bring. Besluite wat nou geneem word, sal bepaal of Suid-Afrika oor dertig jaar nog hoegenaamd universiteite het, skryf JONATHAN JANSEN.**

Dit kon so anders gewees het: die ANC-regering kon met die regte besluite 'n aantal uitstekende universiteite aan die nasie besorg het wat die nasionale en kontinentale uitdagings van ontwikkeling kon beantwoord het.

Dit sou ook 'n plek vir Afrika-hoëronderwys kon verseker onder die beste instellings ter wêreld.

Maar dis juis die probleem: die regte besluite is nie geneem nie.

Wat sou die regte besluite gewees het? Vir die antwoord hierop moet 'n mens terugkyk na twee vroeë voorstelle ná 1994 van die taakspan van die Raad op Hoër Onderwys.

Die eerste was dat 'n tweevlakstelsel tot stand gebring word wat die diverse funksies van die hoëronderwysstelsel erken en bevestig.

Dié dapper en briljante voorstel het behels dat die vermoë van die onderskeie instellings in die land erken word. Die Universiteit van Kaapstad, byvoorbeeld, was eenvoudig nie die Noordwes-Universiteit of die Giyani-onderwyskollege nie.

Maar gedagtelose swart nasionaliste het die voorstel die aarde ingeboor. Hulle het die ernstige misvatting gehuldig dat die bestaande instellings eenvoudig 'n weerspieëling is van die verdeeldheid en onderontwikkeling van apartheid en dat al die instellings, technikons ingesluit, met korrektiewe aksie eenvoudig in 'n Stellenbosch of 'n Wits omgeskep kan word. Deur toe te gee dat daar net vyf of ses ernstige universiteite in die land was, almal oorspronklik wit, sou hulle erken dat die swart instellings almal onderaan die rangleer van gehalte is.

'n Tweede lewensvatbare was dat sekere instellings saamsmelt, maar op 'n ander grondslag as dié wat uiteindelik deur die vorige minister van onderwys, mnr. Kader Asmal, ingevoer is. Dit sou behels dat navorsingsinstellings aan die bopunt van die leer geskep word en 'n aantal heel basiese instellings aan die onderpunt. Werklik wanfunksionerende instellings, soos die Universiteit van Transkei, sou óf gesluit word óf in meer beskeie opleidingsgeriewe omgeskep word.

Maar dit was nie aanvaarbaar vir Asmal nie. Die swart visekanseliers het bowendien luidkeels geprotesteer namens die "benadeelde instellings" en tot by die president van die land beswaar gemaak.

Ook dié voorstel is laat vaar ten gunste van die huidige stelsel waarin sterk en swak instellings saamgevoeg is.

Wat in die debatte hieroor kortgekom het, was 'n eerlike evaluasie van en openlike toegewing oor die feit dat die land nie regtig destyds 21 universiteite gehad het nie. Ten beste was daar, gemeet aan internasionaal aanvaarde definisies, ses ernstige unversiteite.

Die herskikking van die hoër on-

derwys het tien jaar gelede 'n unieke geleentheid gebied om massief te belê in hierdie ses universiteite as die leidende sentra van intellektuele en wetenskaplike lewe in Afrika; as die primêre verskaffers van hoëvlak-vaardighede vir 'n globale ekonomie; en as die primêre setels vir die generering van nuwe kennis wat die ernstige uitdagings van ontwikkeling soos armoede, MIV/vigs en onderwys die hoof kon bied.

Natuurlik bly mense erg besorg oor die probleem van hierdie instellings se rasse-identiteite. Die ongelyke produksie van wetenskaplikes van alle rasse en albei geslagte en die steeds ongelyke verteenwoordiging van swart mense en vroue in die personeel is steeds rede tot ernstige kommer.

Maar die idee was nie dat die histories wit en histories swart instellings afsonderlike politieke entiteite sou bly nie. Die regering se taak sou na my mening gewees het om die "ontrassing" van hierdie ses instellings te versnel.

Maar nou het ons die huidige samesmelting in vyftien instellings – "sterkes" en "swakkes" in baie gevalle saamgegroepeer in entiteite. En daar is die misvatting dat al vyftien nuwe instellings ewe sterk gemaak kan word deur kleiner poele van regeringsfinansiering tussen hulle rond te skuif.

Dis hierdie soort politieke misvatting wat Suid-Afrika se hele hoëronderwysstelsel nou bedreig. Een van die vreemdste en duurste foute was om die technikons tot universiteite (vir tegnologie) te verklaar, dekades nadat hierdie subsektor juis 'n saak uitgemaak het vir institusionele onderskeid.

Amerika bied 'n uitstekende voorbeeld van hoe 'n gedifferensieerde hoëronderwysstelsel aan die een kant in sowel gemeenskaps- as ontwikkelingsbehoeftes kan voorsien en aan die ander kant aan die eise van hoëvlakwetenskap beantwoord.

Maar dit beteken nie dat die De Anza Community College voorgee om gelyk te wees aan die hoëvlak-Massachusetts Institute of Technology nie. Hulle voorsien in uiteenlopende behoeftes.

Sou dit inderdaad moontlik wees om al ons universiteite so te herskep dat hulle gelyk is soos daar voorgegee word?

Die nuwe middel tot dié doel is die nuwe finansieringsformule vir hoër onderwys, want alle ander beleidsinstrumente soos hervormings op die gebied van gelyke indiensneming en kwalifikasies het maar beperkte resultate gelewer.

Oor een realiteit is daar weinig verskil: daar gaan nie meer geld van die tesourie kom om die benadeelde instellings te help om die ongelykhede van die verlede reg te stel nie. Die regering gaan dus 'n manier vind om die klein poel beskikbare bronne van die voorheen wit bevoorregte instellings te verskuif na die swart benadeelde instellings.

Ek het nie op politieke vlak probleme met die herverspreiding van bronne nie, maar op strategiese vlak is dit uiters gevaarlik, om twee redes.

Eerstens is dit die histories wit instellings wat minstens vir die huidige die mees lewensvatbare opsie bied vir die skep van Afrika-universiteite wat met universiteite oral ter wêreld kan meeding en wat beduidende bronne kan aanwend om die land se dringende ontwikkelingsprobleme te help oplos. Om stelselmatig hierdie kapasiteit te ondermyn ter wille van 'n rasgemotiveerde beleid van herverspreiding, is uiters kortsigtig. Al wat sal gebeur, is dat dit alle instellings sal aftrek na die laagste gemene deler en 'n situasie waarin almal verloorders is.

Tweedens het 'n kombinasie van apartheidsonderontwikkeling en postapartheid-korrupsie die histories swart instellings só vernietig dat enige simplistiese idee dat hierdie instellings gered kan word om universiteite te word op sy beste naïef en op sy ergste noodlottig is. Ek het aan van hierdie instellings gestudeer, gedoseer en gelei en een ding is duidelik: massiewe finansiële inspuitings, volgehou deur baie jare, sal nodig wees om toereikende biblioteke te bou, professore van wêreldgehalte te werf en te behou, uitstaande nagraadse studente te lok en die soort intellektuele lewe te ontwikkel wat universiteite van ander soorte instellings soos hospitale, tronke en inrigtings vir geestelik versteurdes onderskei.

Geld om alle universiteite op dieselfde of soortgelyke vlakke te bring, sal eenvoudig nie materialiseer nie.

Kan die situasie nog beredder word? Besluite wat vandag geneem word, sal bepalend wees vir die volgende dertig jaar.

Die mees kritieke en realistiese scenario sal wees om 'n tweevlak-universiteitstelsel te skep. Dit sal eerstens bestaan uit 'n klein groep hoëvlak-navorsingsuniversiteite wat kan staatmaak op 'n aansienlik vergrote belegging in navorsingsinfrastruktuur en nagraadse onderwys. En tweedens sal daar 'n groot tweede groep onderrig-universiteite van hoë gehalte wees wat geleenthede moet skep vir 'n breë basis studente en waar sterk akademiese denke in die voorgraadse leerplanne ontwikkel word.

**Dit het toenemend moeilik geword om sommige Suid-Afrikaanse universiteite te onderskei van ander soorte instellings soos tronke, hospitale en gestigte vir geestelik versteurdes.**

Die eerste groep moet 'n ondubbelsinnige missie hê om navorsing en vakkundigheid van wêreldgehalte te ontwikkel wat fokus op die kwellende probleme van Afrika-ontwikkeling. Die tweede groep se ewe ondubbelsinnige missie moet wees om onderwys van hoë gehalte te verskaf aan groot massas voorgraadse studente.

Vir die beste studente in die tweede groep moet die kanale oop wees vir vordering na nagraadse studie en navorsing aan die eerste groep instellings.

Daar kan geargumenteer word dat hierdie differensiasie in die huidge stelsel ingebou is, maar sonder duidelike beleid en beplande dryfkrag kom sulke natuurlike differensiasie teen ontsettend hoë maatskaplike en materiële koste, wat 'n Derdewêreldland nie kan bekostig nie.

Nuwe konfigurasies-instellings is noodsaaklik, maar nie genoeg nie.

Ewe nodig is 'n nuwe geslag leiers op die gebied van hoër onderwys wat gekies is nie om hul politieke dienstigheid en rassevoorkeur nie, maar op grond van geloofwaardige leierskap.

Die grootste probleem waarmee die postapartheid-universiteit in Suid-Afrika te kampe het, is dat die tweede generasie Suid-Afrikaners nie 'n dwingende morele doel sien in hoër onderwys nie, 'n doel wat meer is as kras materialisme en individuele selfverryking.

Geloofwaardige leierskap is nodig om die idee van die universiteit te herstel deur herwonne idealisme onder studente en onderwysers.

**■ Prof. Jonathan Jansen is dekaan van opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria en hierdie artikel is gegrond op 'n ontleding in 'n lesing wat hy voor die Instituut vir Rasseverhoudinge in Johannesburg gelewer het.**

# Die dood van 'n universiteit

Onlangs ry ek na 'n plattelandse universiteit (noem dit maar Universiteit X), waar ek genooi is om 'n lesing te gee. Toe ek deur die hekke ry, skeur ek my voorbereide lesing op en besluit om uit die vuis te praat.

Toe ek 'n uur later die titel van die nuwe toespraak aan die voorsitter van die byeenkoms gee, was daar letterlik paniek: "'n Saak vir die sluiting van Universiteit X", en hy het die toespraak probeer keer. Maar ek het deurgedruk, want wat ek fisiek by die universiteit aangetref het dié dag het bevestig wat ek daarvan geweet het.

Die universiteit se naambord het skeef oor een van die hekke gehang. Die gras is maande laas gesny. Die klaskamers was in 'n erger toestand as dié van baie townshipskole wat ek deur die jare besoek het. Die paar goeie professore is jare gelede al almal weg.

Die bestuur van dié universiteit het niks anders gedoen as om die studente se woede te probeer bedwing en voortdurende dreigemente van personeeloptrede te keer nie. Die visekanselier het geen geloofwaardigheid as geleerde en navorser gehad nie en was heeltemal onbekwaam as bestuurder. Elke maand was daar onsekerheid oor die betaling van salarisse.

Die biblioteek het jare laas nuwe boeke gekoop en het geen noemenswaardige tydskrifafdeling gehad nie, boeke is gereeld verniel of gesteel.

Daar was bloedmin vakkundige publikasies deur akademici en die universiteit se eie akademiese personeel het feitlik niks in mededingende gesaghebbende internasionale tydskrifte gepubliseer nie.

Daar was geen intellektuele lewe op hierdie kampus nie, geen stimulerende debatte oor ontwikkeling, lewendige seminare oor aktuele ekonomiese, politieke of onderwyskwessies nie, geen standhoudende stroom besoekende geleerdes wat met akademiese projekte help nie, geen leiersfigure onder die geleerdes of idealisme oor die toekoms of idees oor die komplekse probleme van die land nie.

Kortom: die plek was dood.

Dit was my gedagtes oor die patetiese toestand van die instelling wat die vraag my te binne laat skiet het: wanneer hou 'n universiteit op om te bestaan?

Dit sal maklik wees om 'n rat voor die oë gedraai te word deur die simboliese seremonies en roetines van 'n universiteitslewe en sodoende 'n instelling vir 'n universiteit aan te sien – jaarlikse gradeplegtighede in akademiese drag, die gereelde inname van nuwe studente, al word die toelatingstandaarde al hoe meer verlaag om die plek solvent te hou – maar dit beteken nie die plek is 'n universiteit nie.

'n Regeringsdekreet is nie genoeg om dit te bepaal nie. – Jonathan Jansen